



Opgebou vir Diens

INLEIDING

In ons vorige studie het ons gefokus op God se Plan vir Sy Kerk, en ons het besef dat dit behels dat ons opgebou word tot 'n Geestelike Huis waarin Hy woon. 'n Belangrike deel van God se Plan is eenheid. As deel van Sy Kerk is ons daar vir mekaar. (Galasiërs 6:10: *Solank ons die geleentheid het, moet ons dus aan almal goed doen, veral aan ons medegelowiges.*)

God het elke gelowige persoonlik geroep, toegerus en bemagtig om mekaar te dien in die opbou van die liggaam van Christus tot eer van God.

Ons is geroep om Kerk in hierdie wêreld te wees – om ons lewens met mekaar te deel sowel as met die mense wat nog buite die Kerk is. Die Bybel is gevul met verse wat ons leer hoe om mekaar te dien en ons gaan fokus op die praktiese aspekte van opgebou word vir diens.

Mag hierdie studie julle help om julle roeping te verstaan om deel te wees van die gemeenskap van gelowiges, om mekaar onvoorwaardelik, beter lief te hê en om mekaar te dien.

Soli Deo Gloria

INHOUD

Bladsy Nr

	Inleiding	3
Week 1	Lewende Offers	5
Week 2	Kerkwees in die wêreld	14
Week 3	Ons het mekaar nodig	25
Week 4	Dien mekaar	33
Week 5	Dra mekaar se laste	41
Week 6	Moedig mekaar aan	51
Week 7	Wees gasvry teenoor mekaar	60
Week 8	Vergewe mekaar	69
Week 9	Bid vir mekaar	80
	Bronne	90



Week **1**

Lewende Offers

Geheuevers:

En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die weselike van die godsdiens wat julle moet beoefen.

PERSOONLIKE STUDIE

Lees Romeine 12:1-8

INLEIDENDE OPMERKINGS:

Hoofstuk 12 is 'n keerpunt in die boek Romeine. In die vorige hoofstukke was die klem op hoekom ons 'n Verlosser nodig het en hoe ons Hom kan aanneem. Hierdie hoofstuk begin egter handel oor hoe 'n Christen sy verlossing behoort uit te leef. Daar is baie praktiese riglyne oor die daaglikse Christelike lewe wat in Romeine 12 begin en voortduur tot aan die einde van die boek.

Romeine 12 leer Christene hoe om met nuwe en veranderde gees te leef. Dit doen 'n beroep op hulle om hulself as lewende offers aan God te gee – dit is die wesenlike van hulle godsdiens. Dit gee hulle ook opdrag om nie by hierdie wêreld aan te pas nie, maar om God se wil te onderskei deur die vernuwing van hulle verstand. Dit wys hulle hoe om hul Godgegewe gawes tot Sy eer te gebruik en hoe om met mekaar in die kerk om te gaan.

Eerste-eeuse mense, beide Jode en heidene, het eerstehands geweet waarom offers gaan. Om te smee

dat hulle hulself 'n lewende offer maak, was 'n treffende beeld. Die offer is lewend, want dit word lewend na die altaar gebring, en dit bly lewendig by die altaar; dit is 'n voortdurende proses.

STUDIEVRAE:

Lees Romeine 12:1 en Romeine 6:13,16 & 19. Paulus spoor sy broers en susters aan om lewende offers te wees. Wat is die verskil tussen 'n lewende offer en 'n dooie offer?

.....
.....

Hoe definieer Paulus “die wesentlike van die godsdiens” in vers 1?

.....
.....

Lees Romeine 12:2 en 1 Johannes 2:15. Waaraan moet ons nie gelyk word nie? Hoe verander ons ons lewens?

.....
.....

Wat is die gevolg van die vernuwing van ons denke?

.....
.....

Lees Romeine 12:3. Hoe moet ons NIE aan onself dink nie? Hoe moet ons aan onself dink?

.....
.....

Lees Romeine 12:4-5. In vers 4-5 vind ons 'n analogie (illustrasie) van die kerk. Verduidelik hierdie analogie in jou eie woorde. Verwys ook na 1 Korintiërs 12:12-14.

.....
.....

Hoe hou verse 4 en 5 verband met die manier waarop ons oor onself dink?

.....
.....
.....

Lees Romeine 12:6-8. Lys die gawes wat in verse 6-8 genoem word. Beskryf elke gawe en die manier waarop ons dit moet gebruik.

.....
.....
.....
.....
.....
.....

.....
.....
.....

Hoe word hierdie verskillende gawes onder die lede van die kerk versprei (Verwys ook na 1 Korintiërs 12:4,8-11)?

.....
.....

SLOTOPMERKINGS:

Ons is geroep tot 'n veranderde lewe. Wanneer Paulus ons roep om ons liggame as 'n lewende offer te gee, beteken dit dat God jou wil hê, nie net jou fisiese liggaam nie, maar jou hele menswees. Hy wil ook nie net jou werke hê nie. Dit is moontlik om allerhande werk vir God te doen, maar nooit jouself vir Hom te gee nie. Hy wil jou hê.

Wanneer ons ons liggaam vir God aanbied, wil God hê dat dit 'n heilige en aanvaarbare offer moet wees. Die standaard vir opofferings wat aan God gemaak word onder die Nuwe Verbond is nie minder as die standaard onder die Ou Verbond nie. Die heiligheid wat ons na die altaar bring is 'n besluit om Heilig te wees beskikbaarheid vir die werk van heiligheid in ons lewe. Deur ons liggame

as 'n lewende offer aan te bied, maak God ons lewe heilig deur onsuiverhede weg te verbrand.

Paulus waarsku ons verder dat die slagveld tussen gelykvormigheid aan die wêreld en om verander te word in die gelowige se denke is. Christene moet anders dink. Ons moet anders leef.

Die probleem met baie Christene is dat hulle hul lewe baseer op gevoelens, of hulle is net ingestel op doen. Hierdie lewe deur te voel of te doen sal nooit die veranderende krag van God ken nie, want dit ignoreer die vernuwing van die verstand. Soos ons egter aan die binnekant verander word, word die bewys aan die buitekant duidelik, aangesien ander kan sien wat die goeie en aanvaarbare en volmaakte wil van God deur ons lewe is.

GROEPBESPREKING

Gebed

Geheuevers:

En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die weselike van die godsdiens wat julle moet beoefen.

Romeine 12:1

Terugblik:

Deel met die groep hoe Vader in hierdie week in jou lewe gewerk het.

Skriflesing:

Romeine 12:1-8

BESPREKINGSVRAE

Lees vers 1. Bespreek wat dit beteken om ons liggame as lewende offers aan God te bied?

Hoe is dit om God te aanbid? Doen jy dit? Bespreek in die groep.

Lees vers 2. Hoe kan ons verander word? Bespreek.

Lees verse 3-5. Wat moet ons siening van onself wees? Waar kom ons geloof vandaan?

Wat is die verskil in die manier waarop Paulus praat oor ons siening van onself en die manier waarop die wêreld of vriende "selfbeeld" verstaan?

Wat beteken die feit dat alhoewel daar baie gelowiges is, ons een is? Bespreek in die groep.

Sluif af in gebed



Week **2**

Kerkwees in die wêreld

Geheuevers:

Die groot getal wat gelowig geword het, was een van hart en siel. Niemand het sy goed net vir himself gehou nie, maar hulle het alles met mekaar gedeel.

Handelinge 4:32

PERSOONLIKE STUDIE

Lees Handeling 2:1-47

INLEIDENDE OPMERKINGS:

Tien dae nadat Jesus na die hemel opgevaar het, op die Joodse Pinksterfees, het Hy, soos belowe, sy Heilige Gees uitgestort. Jode wat uit ander lande vir die fees na Jerusalem gekom het, was verras en verbaas toe hulle die evangelie in hulle eie tale gehoor het. Die Pinksterdag was 'n belangrike datum in die Joodse tradisie. Dit was die 50ste dag na Pasga en is ook genoem die Fees van die Weke (Deuteronomium 16:10) en die Fees van die Oes (Eksodus 23:16). Dit is gekenmerk deur pelgrims wat van regoor die wêreld na Jerusalem gekom het om hierdie gebeurtenis te vier. Duisende mense was in Jerusalem bymekaar en die koms van die Heilige Gees was die inwyding van die Nuwe Verbond.

Petrus, omring en ondersteun deur die res van die apostels, verduidelik dat wat gebeur het 'n vervulling is van Joël se profesie (Joël 2:28-32), wat voorspel het dat God sy Gees in die laaste dae sou uitstort (14-21). Petrus verkondig dan Jesus van Nasaret aan die skare. Hy

herinner hulle aan Sy wonderwerke en aan hulle betrokkenheid by Sy dood; en verkondig dat God Hom uit die dood opgewek het. Ten slotte sê Petrus dat God Jesus, wat hulle gekruisig het, beide Here en Christus gemaak het (22-36).

Geraak deur sy boodskap, vra die mense die apostels wat hulle moet doen. Petrus het hulle beveel om hulle te bekeer en gedoop te word tot vergewing van sondes en hulle vermaan om gered te word. Ongeveer 3000 mense het met blydschap sy woord ontvang en is gedoop. So begin die kerk in Jerusalem.

STUDIEVRAE:

Lees Handeling 2:1-4. In hierdie verse lees en hoor ons van die uitstorting van die Heilige Gees. Wat het hulle gesien, en wat het gebeur?

.....
.....
.....

Handeling 2:5-13. Wat het die menigte mense gelok om te kom kyk wat gebeur het?

.....
.....

Hoekom dink jy het die Heilige Gees op Pinksterdag gekom?

.....
.....

Lees Handeling 2:14. Waarom het Petrus opgestaan? Waarom het die ander apostels saam met hom opgestaan?

.....
.....

Lees Handeling 2:14-36. Petrus het opgestaan en vir die skare gepreek as 'n verteenwoordiger van die hele groep apostels. Ons moet oplet dat die spreker in verstaanbare tale opgehou het toe Petrus begin preek het. Die Heilige Gees het nou deur Petrus se prediking gewerk en sou nie terselfdertyd deur tale teen Homself werk nie.

Petrus het skrifte uit die Ou Testament aangehaal. Wat leer die volgende Ou Testamentiese verse ons oor Jesus?

Joel 2:28-32 (Handeling 2:16-21)	
-------------------------------------	--

Psalm 16:8-11 (Handelinge 2:25-28)	
Psalm 110:1 (Handelinge 2:34-35)	

Lees Handelinge 2:36-37. Waarom het die mense gevra: "Wat moet ons doen?" Verwys dit na bekering of net berou oor wat hulle gedoen het, of albei?

.....

Lees Handelinge 2:38-41. Waartoe het Petrus hulle geroep?

.....

Watter belofte het Petrus aan hulle gegee?

.....

Lees Handeling 2:42. Petrus het vier noodsaaklikhede vir Kerkwees in vers 42 genoem? Lys hierdie noodsaaklikhede en beskryf in jou eie woorde wat dit vir jou beteken.

Wat het die “ontslag” onder die mense veroorsaak?

.....
.....

Lees Handeling 2:44-45. Hoe het die eerste Christene met hulle besittings omgegaan? Is dit hoe Christene vandag moet lewe? Hoeveel van ons besittings moet ons behou vir die toekoms?

.....
.....

Lees Handeling 2:46-47. Wat impliseer die woorde "Elke dag"? Hoe kan ons "elke dag" aan God en mekaar toegewy wees?

.....
.....

Wat het gelei tot die toename in die aantal mense wat in die eerste kerk gered is? Is dit vandag nog van toepassing?

.....
.....

SLOTOPMERKINGS:

Die kerk is bedoel om God te aanbid en saam Sy Woord te leer ken. Tog is dit bedoel om meer te doen; God wil hê ons moet ons lewens met mekaar deel.

Volgens Handeling 2:42-47 was die eerste kerk se Christelike ervaring daaglik, vol vreugde en eenvoudig – goeie voorbeelde vir ons om na te volg. Dit leer ons dat die sleutel tot kerkwees in die wêreld en vir kerkgroei is dat die gelowiges die apostel se leringe gevolg of gehoorsaam het, dat hulle gereeld saam brood gebreek het, en dat hulle alles in gemeen gehad het. Hulle het selfs hul besittings

nie as hul eie beskou het nie. . Die gevolg was dat “die Here elke dag mense wat gered word, by die gemeente gevoeg het”.

Op die webtuiste: “What Christians wants to know,” skryf Jack Wellman die volgende oor Kerkgroei:

The second chapter of the Book of Acts is better than any of the “church growth” material you find on the Internet today, because it is biblically centred, it is Spirit-driven, and it is God-commanded. Note that it was God who added to the church. Never does it say that the apostles or disciples ever added to the church; not even one time does it say this. The Bible is clear that God gives the increase (1st Cor 3:7). We might plant the seed of the Word or water what someone else has planted, but only God gives the increase, therefore He receives all the glory; just as it should be.

As ons sorg dat ons die voorbeeld van Handeling 2:42-47(a) volg, sal God self sorg vir die groei van die kerk.

GROEPBESPREKING

Gebed

Geheuevers:

Die groot getal wat gelowig geword het, was een van hart en siel. Niemand het sy goed net vir himself gehou nie, maar hulle het alles met mekaar gedeel.

Handelinge 4:32

Terugblik:

Deel met die groep hoe Vader in hierdie week in jou lewe gewerk het.

Skriflesing:

Handelinge 2:42-47

BESPREKINGSVRAE

Lees vers 42-43. Wat is die vier noodsaaklikhede vir Kerkwees wat Petrus in vers 42 genoem het? Lys hulle en bespreek in die groep.

Wat beteken dit om "heelhartig toegelê" te wees op die apostels se leerstellings of lering?

Waarom noem die skrywer, Lukas, die belangrikheid van gemeenskap van gelowiges?

Wat dink jy bedoel hy met "die gemeenskaplike maaltyd"?

Lees Handeling 2:44-45. Hoe het die eerste Christene met hulle besittings omgegaan? Is dit hoe Christene vandag moet lewe? Hoeveel van ons besittings moet ons behou vir die toekoms? Bespreek in die groep.

Lees Handeling 2:46-47. Hoe kan ons elke dag toegewy wees aan God en aan mekaar? Wees prakties.

.....

.....

Wat het gelei tot die toename in die aantal mense wat gered is in die eerste kerk? Is dit vandag nog van toepassing?

.....

.....

Sluif af in gebed



Week **3**

Ons het mekaar nodig

Geheuevers:

*Julle is die liggaam van Christus, en afsonderlik is
elkeen 'n lid daarvan.*

1 Korinthiërs 12:27

PERSOONLIKE STUDIE

Lees 1 Korinthiërs 12:12-27

INLEIDENDE OPMERKINGS:

Ons hoor dikwels mense sê dat hulle God se wil vir hul kerk of vir hul eie lewens wil weet. In Handeling 2:42-47 het ons duidelik die plan gesien wat God vir die kerk in hierdie wêreld het. 'n Belangrike deel van daardie plan is gemeenskap van die gelowiges.

Die webblad, <https://www.gotquestions.org>, sê die volgende oor gemeenskap van gelowiges: *The Greek words translated “fellowship” in the New Testament mean essentially a partnership to the mutual benefit of those involved. Christian fellowship, then, is the mutually beneficial relationship between Christians, who can’t have the identical relationship with those outside the faith. We can have friendships and relationships with unbelievers, but true Christian fellowship can only occur within the body of Christ. We are united to one another by common beliefs, purposes, and goals. Our hearts and minds are “other-worldly” because we follow Jesus Christ, who said that His kingdom is not of this world (John 18:36).*

The importance of true Christian fellowship is that it reinforces these things in our mind and helps us to focus on Christ and His desires and goals for us. As iron sharpens iron, in true Christian fellowship Christians sharpen one another's faith and stir one another to exercise that faith in love and good works, all to God's glory.

In die Nuwe Testament is baie verse wat ons leer hoekom en hoe ons mekaar nodig het. Jesus het vir ons 'n nuwe opdrag gegee, om mekaar lief te hê. In Johannes 13:34 lees ons: *“Ek gee julle ‘n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê.”* In Johannes 15:17 lees ons: *“Dit beveel ek julle: Julle moet mekaar liefhê!”* Wanneer ons mekaar liefhet, het ons gemeenskap met mekaar.

In die volgende studies gaan ons leer hoe ware Christelike gemeenskap en interafhanklikheid lyk.

STUDIEVRAE:

Lees 1 Korintiërs 12:12-20. Paulus gebruik die metafoor van 'n liggaam om die eenheid en diversiteit in die kerk te verduidelik. Verduidelik die woord "liggaam".

.....
.....

Wie is 'n lid van die liggaam?

.....
.....

Wat is die rol van die lede?

.....
.....

Wie besluit wie gaan waarheen en wie doen wat?

.....
.....

Lees 1 Korinthiërs 12:21-27. Is alle lede gelyk?

.....
.....

Het elke lid dieselfde verantwoordelikhede?

.....
.....

Dink jy vers 17 is 'n goeie beeld? Hoekom?

.....
.....
.....
.....

Verduidelik die hoofpunte wat Paulus wil oordra. Waarom het God die kerk so ontwerp?

.....
.....
.....
.....

Beskryf wat die resultaat sou wees as elke persoon in die kerk dieselfde ding probeer doen.

.....
.....
.....
.....

SLOTOPMERKINGS:

Die menslike liggaam, met sy baie dele, verskaf 'n sprekende illustrasie dat dit nodig is om die Kerk se eenheid te bewaar ten spyte van sy diversiteit. Soos die menslike liggaam een entiteit met baie lede is, so is die kerk (die liggaam van Christus) een entiteit met baie lede.

Net soos 'n liggaam nie net 'n voet, of 'n arm, of 'n oog kan wees nie, kan die kerk nie net 'n leraar, of ouderlinge of 'n

spesifieke lidmaat wees nie. Lede moet mekaar verdra, want ons is een liggaam. Ons het mekaar nodig om ons roeping te vervul.

Ons kan nie op ons eie gelukkig en vervuld wees nie. Ons kan nie op ons eie 'n doel in die lewe hê nie. Ons moet mekaar en ons verhoudings met mekaar koester. Natuurlik gaan dit tyd neem en iets van jou vra: 'n bietjie opoffering, 'n bietjie minder van om jou eie belange eerste te stel, 'n bietjie meer gee, 'n bietjie vinniger om te vergewe, 'n bietjie meer warmte en vriendelikheid, 'n bietjie meer gasvryheid. Die Bybel help ons met riglyne oor hoe om mekaar te behandel.

GROEPBESPREKING

Gebed

Geheuevers:

Julle is die liggaam van Christus, en afsonderlik is elkeen 'n lid daarvan.

1 Korinthiërs 12:27

Terugblik:

Deel met die groep hoe Vader in hierdie week in jou lewe gewerk het.

Skriflesing:

1 Korinthiërs 12:12-31

Besprekingsvrae

Lees 1 Korinthiërs 12:12-31. Paulus gebruik die metafoor van 'n liggaam om die eenheid en diversiteit in die kerk te verduidelik. Dink jy dit is 'n goeie beeld? Hoekom?

Waarom het God die Kerk so beplan? Bespreek.

Funksioneer you gemeente as 'n liggaam? Dink jy dinge moet verander? Bespreek.

Watter verskil kan jy maak, om te verseker dat die eenheid in jou gemeente sigbaar sal wees? Bespreek.

Sluit af met gebed



Week **4**

Dien mekaar

Geheuevers:

As goeie bedienaars van die veelvoudige genade van God moet elkeen, namate hy 'n genadegawe ontvang het, die ander dien.

1 Petrus 4:10

PERSOONLIKE STUDIE

**Lees Galasiërs 5:13-15, Romeine 12:10,
Matteus 25:35-40 en 1 Petrus 4:10**

INLEIDENDE OPMERKINGS

Aangesien daar van gelowiges verwag word om die medegelowiges met 'n vreugdevolle gees te help, is om God te dien is een van die belangrikste beginsels van die Christelike geloof. "Wees lief vir mekaar." "Sorg vir mekaar." "Bid vir mekaar." "Moedig mekaar aan." "Help mekaar." "Ondersteun mekaar." Die Skrif vertel ons herhaaldelik van ons verhouding met God en ander deur diensbaarheid.

God wil hê dat Sy mense mekaar moet dien en Jesus het vir ons die perfekte voorbeeld van nederigheid en diensbaarheid gewys, wat ons moet navolg. Die nuwe wet van Sy Koninkryk het wêreldbeskouings omvergewerp.

In Matteus 20:26-27 lees ons: "*Elkeen wat in julle kring groot wil word, moet julle dienaar wees; en elkeen wat onder julle die eerste wil wees, moet julle slaaf wees.*"

Jesus se eie lewe was selfopofferend en nie selfdienend nie. Hy het sy dissipels se voete gewas en sy lewe aan die kruis afgelê as 'n losprys vir sondaars. Jesus was 'n voorbeeld van 'n lewe van diens aan ander.

STUDIEVRAE:

Galasiërs 5:13. As 'n ongelowige jou vra: "Wat beteken dit dat jy vryheid ontvang na jou redding," hoe sal jy antwoord?

.....
.....

Hoe kan sommige belydende gelowiges hierdie vryheid misbruik?

.....
.....

Hoe leer Paulus ons om ons vryheid te gebruik?

.....
.....

Hoe kan julle mekaar prakties in die kerk dien? Gee voorbeelde uit jou ervaring.

.....
.....

Lees Galasiërs 5:14. Hoe word die wet (Tien gebooië) vervul deur hierdie een opdrag om mekaar lief te hê?

.....
.....

Lees Romeine 12:10. Wat leer hierdie vers ons oor om mekaar te dien? Sien ook Filippense 2:3-7. Op watter voorbeeld moet ons ons diens baseer?

.....
.....
.....
.....
.....

Lees Matteus 25:35-40. Jesus vertel vir sy dissipels die gelykenis van die skape en die bokke as 'n manier om hulle te help om die detail te verstaan van wat by die finale oordeel sal gebeur. Watter voorbeelde van om mekaar te dien sien ons in hierdie verse?

.....
.....
.....
.....
.....

Hoe kan ons dit prakties in ons gemeente en in ons gemeenskap uitleef?

.....
.....
.....
.....

SLOTOPMERKINGS:

Ons mag begeer om deur God gebruik te word vir groot werke en om baie vrugte vir Hom te dra. Sulke begeertes kan ons maklik die hart van diens laat verloor.

Ware diens bring vreugde, en dit is pragtig. Om te dien is 'n aktiewe liefdesdaad. Diensbaarheid roer die harte van ander en bied vertroosting. Die Bybel sê vir ons dat God ons diens aan ander onthou en ons sal beloon. So word die verhouding tussen God en ons dieper deur ander te dien.

Mag die woord van God julle harte verruim en julle inspireer om ander te dien, soos Jesus.

GROEPBESPREKING

Gebed

Geheuevers:

As goeie bedienaars van die veelvoudige genade van God moet elkeen, namate hy 'n genadegawe ontvang het, die ander dien.

1 Petrus 4:10

Terugblik:

Deel met die groep hoe Vader in hierdie week in jou lewe gewerk het.

Skriflesing:

Galasiërs 5:13-15, Romeine 12:10, Matteus 25:35-40 en 1 Petrus 4:10

BESOREKINGSVRAE

Lees 1 Petrus:10. Hoe is dit moontlik om mekaar te dien?
Wie help ons?

Lees Galasiërs 5:13-14. Hoe word die wet (Tien gebooe)
vervul deur hierdie een opdrag om mekaar lief te hê?
Bespreek.

Lees Romeine 12:10 en Filippense 2:3-7. Op watter
voorbeeld moet ons ons diens baseer? Bespreek wat
diens van ons vra.

Hoe kan julle mekaar prakties dien in die kerk en die gemeenskap?

i) Gee voorbeelde uit jou ervaring.

ii) Gee voorbeelde uit Matteus 25:35-40.

Sluit af met gebed



Week **5**

Dra mekaar se laste!

Geheuevers:

Dra mekaar se laste, en gee op die manier uitvoering aan die wet van Christus.

Galasiërs 6:2

PERSOONLIKE STUDIE

Galasiërs 6:1-10 en Eksodus 17: 8-13

INLEIDENDE OPMERKINGS

Een van die mooi dinge van Christen-wees is dat jy nie alleen is nie. God verbind jou doelbewus met ander gelowiges en een van die redes is sodat ons mekaar kan versterk en bemoedig. Een van die maniere waarop ons dit doen, is deur mekaar se laste te dra of die saak vir iemand anders op te neem. Ons word opdrag gegee om dit te doen, maar wat beteken dit werklik om mekaar se laste te dra?

Die woorde “om te dra” in die Grieks kan beteken om op te neem of om weg te dra. Die woord “las” kan ook gewig beteken. As jy Galasiërs 6:2 in konteks beskou, beteken dit dat ons die gewig wat ander dra, moet opneem of wegdra. Met ander woorde, niemand moet ooit alleen deur situasies gaan nie. Dit is een van die verantwoordelikhede van die liggaam van Christus.

Vir elke mens sal daar 'n punt kom waar jy oorweldig word deur die gewig van die lewe. In daardie oomblikke sal jy

dankbaar wees dat daar iemand is om jou te help om daardie gewig te dra.

STUDIEVRAE:

Lees Galasiërs 6:1. Wat bedoel Paulus wanneer hy sê: “julle wat julle deur die Gees laat lei”?

.....
.....

Watter gesindheid moet hulle hê wanneer hulle ander tereg wys? Wat is die doel om broers en susters met hul sonde te konfronteer?

.....
.....
.....

Waarvoor moet ons versigtig wees wanneer ons ander tereg wys? Hoekom?

.....
.....

Lees Galasiërs 6:2. Hoe kan ons ander se laste dra? Watter wet word hiermee vervul?

.....
.....

Lees Galasiërs 6:3. Wat beteken vers 3? Verduidelik jou antwoord. Is ons beter as ander?

.....
.....

Lees Galasiërs 6:4-5. Wat beteken dit om jou eie werke te toets? (Verwys ook na Johannes 4:38) En om jou eie laste te dra?

.....
.....

Lees Galasiërs 6:7-10. Wat leer ons oor die volgende:

God (vers 7)	
Individuele gelowiges (vers 8)	
Gemeenskap van gelowiges (verse 9-10)	

Watter soort dinge kan veroorsaak dat ons moeg word om goed te doen?

.....
.....
.....

Dit is nie altyd maklik om te weet op watter manier jy kan help om 'n ander persoon se las te dra nie. In die Ou Testament vind ons waarskynlik een van die beste voorbeelde van wat dit beteken om mekaar se laste te dra. Lees Eksodus 17:8-13. Verduidelik in jou eie woorde wat hier gebeur het.

.....
.....
.....
.....

Uit hierdie gedeelte kan ons 3 belangrike beginsels identifiseer om te volg om te verseker dat jy 'n ander persoon se las dra. Eerstens het Aäron en Hur gesien dat Moses sukkel en hulp nodig het. Watter ander beginsels sien jy in vers 12?

.....
.....
.....
.....

Lees Galasiërs 6:6. Watter beginsel kan ons uit vers 6 leer? (Verwys ook na Lukas 10:7 en 1 Korintiërs 9:11,14)

.....
.....

SLOTOPMERKINGS:

Om mekaar se laste te dra, is waar die tekkie die teer ontmoet. Dit is waar jy nie net praat oor jou geloof en die liefde wat jy vir God se mense het nie. Dit is waar jy dit wys. Hoe kan ons dit doen in vandag se vinnige lewe? Clarence L. Haynes Jr. 'n spreker, Bybeldosent en medestigter van The Bible Study Club, sê die volgende:

- *You have to listen to others. Many times, we miss the opportunities to see the needs others are carrying because we don't take the time to listen. The truth about listening is that it takes focus, and it requires you to pay attention to what someone else is saying. In the fast-paced world we live in, this can easily be overlooked.*
- *Bearing the burden of another does not always mean you have to do the lifting yourself. Sometimes the weight is too great for you to bear, or honestly you might not be in a position to help, so what do you do? You become a connector. Maybe you can't carry the weight, but you know someone who can. If this is the case, then simply make the connection and you have done your part to help bear that person's burden.*

- *bearing burdens takes time, work, and effort. Sometimes the situation may be dealt with quickly and others may take longer. The key is to be available so that no one gets lost in the shuffle.*

Om ander mense se laste te dra is nie maklik nie, maar dit is nodig, want dit is wat God van ons vra.

GROEPBESPREKING

Gebed

Geheuevers:

Dra mekaar se laste, en gee op die manier uitvoering aan die wet van Christus.

Galasiërs 6:2

Terugblik:

Deel met die groep hoe Vader in hierdie week in jou lewe gewerk het.

Skriflesing:

Galasiërs 6:1-10 en Eksodus 17: 8-13

BESPREKINGSVRAE

Lees Galasiërs 6:1-4. Hoe kano ns mekaar se laste dra?
Bespreek en wees prakties.

Watter gesindheid moet ons hê wanneer ons ander tereg wys? Wat is die doel daarvan om broers en susters met hul sonde te konfronteer? Bespreek.

Lees Galasiërs 6:5-10. Watter soort dinge kan veroorsaak dat ons moed verloor om ander te dien?

Op watter manier kan jy beter doen?

Lees Eksodus 17:8-13. Uit hierdie gedeelte kan ons 3 belangrike beginsels identifiseer om te volg om te verseker

dat jy 'n ander persoon se las dra. Eerstens moet ons raaksien dat hulle sukkel en hulp nodig het. Watter ander beginsels sien jy in vers 12?

Sluit af met gebed



Week **6**

Moedig mekaar aan!

Geheuevers:

Praat mekaar moed in en versterk mekaar dan met hierdie woorde, soos julle trouens reeds doen.

1 Tessalonisense 5:11

PERSOONLIKE STUDIE

**1 Tessalonisense 5:9-11, Hebreërs 3:12-13,
Hebreërs 10:24-25 en 2 Korinthiërs 1:3-7**

INLEIDENDE OPMERKINGS:

Die Nuwe Testamentiese werkwoord wat vertaal word met aanmoedig, kan ook beteken "om te troos, op te beur, te bemoedig, op 'n vriendelike manier te praat." Aanmoediging gaan oor die lewegewende krag van ons gedeelde oortuigings en ons gedeelde lewe in die Here.

Om mekaar aan te spoor beteken om moed te gee waar dit nodig is. Dit kan gedoen word deur gebed, om die waarheid in liefde te praat en ander te seën met woorde en daade. Aanmoediging gaan daaroor om moed aan iemand te gee sodat hulle in 'n moeilike situasie kan volhou. Dit behels om iemand aan te moedig, hulle op te bou en hul moraal te versterk. Aanmoediging verg opregte liefde en die genade om meer in iemand te sien as wat hulle in hulself kan sien.

Ware bemoediging is een manier waarop ons die Heilige Gees saam ervaar. Dit is hoe ons werklike gemeenskap

saam ervaar. En hierdie soort gemeenskap is nie uitputtend nie maar lewensverrykend, nie op 'n afstand en afsydig nie maar alles-in en betrokke, nie ondersoekend en kritiserend nie maar bevestigend en versterkend.

STUDIEVRAE:

Lees Hebreërs 3:12-13. Regdeur die Bybel sien ons opdragte om mekaar aan te moedig en verse wat bedoel is om ons te bemoedig. Hoekom moet ons mekaar aanmoedig?

.....
.....

Hoe kan jy dit doen? Wat sal jy doen om broers en susters in Christus aan te moedig en op te bou?

.....
.....
.....

Op watter maniere kan 'n ongelowige hart homself manifesteer?

.....
.....

Lees 1 Tessalonisense 5:9-11. Wat kan ons doen om ander te help om nie weg te val nie?

.....
.....

Op watter maniere sou jy wil hê dat ander mense jou moet aanmoedig?

.....
.....

Lees Romeine 10:24-25. Wat is die gevaar daaraan verbonde om NIE met ander gelowiges te ontmoet nie? Wat is die voordele van ontmoeting met ander gelowiges? Hoe gereeld moet ons ontmoet? Hoe/waar moet ons ontmoet?

.....
.....
.....
.....

Wat sê hierdie vers moet ons doen wanneer ons ontmoet? Beteken dit dat ons nie gesellige partytjies kan hou nie?

.....
.....
.....

Lees 2 Korinthiërs 1:3-7. Watter karaktereienskap van God beklemtoon Paulus hier? Waarom sou hy dit beklemtoon het?

.....
.....
.....

Op watter spesifieke maniere troos God mense in hulle ellende? Hoe het God jou tydens beproewinge vertroos?

.....
.....

Hoe presies deel gelowiges 'n “oortloef van bemoediging”?

.....
.....

SLOTOPMERKINGS:

Selfs op plekke waar Christene nie openlike vervolging of haat ervaar nie, weet ons almal dat die lewe moeilik kan wees. Ontmoediging is nie 'n ongewone menslike ervaring nie. Soms lyk dit byna onmoontlik om te erken dat daar betekenis is in die oënskynlik onbelangrike dinge wat ons doen. Ons wil dalk tou opgooi.

Die webtuiste, Gotquestions.org., sê die volgende oor bemoediging: *Encouragement makes it easier to live in a fallen world in a holy way. Encouragement makes it easier to love as Jesus loved (see John 13:34-35). Encouragement gives hope (Romeine 15:4). Encouragement helps us through times of discipline and testing (Hebreërs 12:5). Encouragement nurtures patience and kindness (see 1 Korinthiërs 13:4-7 en Galasiërs 5:22-26). Encouragement makes it easier to sacrifice our own desires for the advancement of God's kingdom. In short, encouragement makes it easier to live the Christian life.*

Sonder aanmoediging sou die lewe gou sinloos en swaar voel. Sonder aanmoediging kan ons oorweldig word deur die werklike pyne van ons lewe. Sonder aanmoediging begin ons dink dat God 'n leuenaar is of nie bekommerd is oor ons welsyn nie. Die Bybel sê vir ons om mekaar aan te moedig, om mekaar te herinner aan die waarheid dat God ons liefhet, dat God ons toerus, dat ons kosbaar is, en dat ons stryd die moeite werd is.

GROEPBESPREKING

Gebed

Geheuevers:

Praat mekaar moed in en versterk mekaar dan met hierdie woorde, soos julle trouens reeds doen.

1 Tessalonisense 5:11

Terugblik:

Deel met die groep hoe Vader in hierdie week in jou lewe gewerk het.

Skriflesing:

1 Tessalonisense 5:9-11, Hebreërs 3:12-13, Hebreërs 10:24-25 en 2 Korinthiërs 1:3-7

BESPREKINGSVRAE

Lees Hebreërs 3:12-13 en 1 Tessalonisense 5:9-11. Regdeur die Bybel sien ons opdragte om mekaar te bemoedig en verse wat bedoel is om ons te bemoedig.

Waarom en hoe moet ons mekaar aanmoedig? Bespreek en wees prakties.

Op watter maniere kan 'n ongelowige hart homself manifesteer?

Wat kan ons doen om ander te help om nie weg te val nie? Bespreek.

Lees Romeine 10:24-25. Wat is die gevaar om NIE met ander gelowiges te ontmoet nie? Wat is die voordele van

ontmoeting met ander gelowiges? Hoe gereeld moet ons ontmoet? Hoe/waar moet ons ontmoet? Bespreek.

Lees 2 Korinthiërs 1:3-7. Op watter spesifieke maniere vertroos God mense in beproewing? Bespreek.

Deel met die groep hoe God jou tydens beproewinge vertroos het.

Hoe presies deel gelowiges 'n "oorvloed van bemoediging"?

Sluit af met gebed



Week **7**

Wees gasvry teenoor mekaar

Geheuevers:

Wees gasvry teenoor mekaar sonder om te kla.

1 Petrus 4:9

PERSOONLIKE STUDIE

1 Petrus 4:7-9, Romeine 12:13 and Hebreërs 13:2

INLEIDENDE OPMERKINGS:

Die woord gasvryheid (hospitality) kan n mens aan 'n hospitaal of die gasvryheidsbedryf (hotelle) herinner. Albei sou gepaste assosiasies wees, want in beide hospitale en hotelle word 'n gas of pasiënt slaapplek aangebied en kos om te eet.

Dit is waaraan ons tipies dink wanneer ons die woord gasvryheid hoor: kamer en kos, gratis aangebied. Maar Bybelse gasvryheid is meer as 'n kamer en kos. Volgens gotquestions.org kan gasvryheid gedefinieer word as die kwaliteit of gesindheid om gaste en vreemdelinge op 'n warm, vriendelike, vrygewige manier te ontvang en te behandel. In die Nuwe Testament beteken die Griekse woord wat met “gasvryheid” vertaal word, letterlik “liefde vir vreemdelinge”.

Gasvryheid is die blye ontvangs van die vreemdeling. Gasvryheid betrek die vreemdeling met beide ons hande

en ons harte. Maar Petrus vat dit nog verder en verduidelik dat gasvryheid nie net vir mense is wat ons onlangs ontmoet het nie, maar ook vir mense wat ons gereeld sien – ons medegelowiges!

STUDIEVRAE:

Lees 1 Petrus 4:7-11. Watter waarskuwing gee Petrus in vers 7(a)?

.....
.....

Hoe kon die einde amper 2000 jaar gelede “naby” gewees het? Hoe naby is dit nou? Watter verwickelinge in die wêreld kan daarop dui dat die eindtyd naby is?

.....
.....

Watter toepassings gee Petrus aan hulle op grond van die feit dat die einde naby is (verwys na vers 7(b) - 9)?

.....
.....

Hoe kan jy huidiglik gasvryheid aan ander bewys?

.....
.....

Hoekom sal iemand kla nadat hy hierdie dinge gedoen het? Wat sou dit van hul hart wys?

.....
.....

Lees Romeine 12:13. Wat is die twee opdragte wat in hierdie vers gegee word? Hoe verskil hulle of op watter manier is hulle dieselfde? (Verwys na Handeling 4:32 (b) en 1 Petrus 4:9.)

Handeling 4:32 (b)

.....

1 Petrus 4:9

.....

Lees Hebreërs 13:1-2. In hierdie laaste hoofstuk van die brief sluit die skrywer af met laaste herinneringe aan ware liefde, waarvan een gasvryheid is.

Wat is die praktiese implikasies van die beoefening van gasvryheid? Is jy bereid om dit te doen?

.....
.....
.....
.....

Wat beteken vers 2(b)? Wat kan ons uit hierdie vers oor engele leer? En wat leer dit ons oor hoe God in die wêreld werk?

.....
.....
.....

Sien jy ware gasvryheid in jou kerk? Is dit 'n weerspieëling van God se liefde?

.....
.....
.....

SLOTOPMERKINGS:

Soos ons in hierdie studie gesien het, vereis God gasvryheid van ons in die Skrif. Vir Christene is die sterkste motivering om gasvryheid te toon nie God se opdragte (die Wet) nie, maar Sy liefde vir ons in Christus (die evangelie). Dit is nie uniek aan gasvryheid nie – die evangelie behoort die dryfveer vir al ons goeie werke te wees.

Jy word geroep om liefde te betoon aan die nuwe mense by die werk, jou buitelandse buurman, jou ateïstiese neef, 'n onwettige nie-burger, 'n politieke vlugteling, of iemand

met 'n kriminele geskiedenis, ens. Maar jy word ook geroep om die weduwee wat langs jou in die kerk sit, of die jong egpaar met kinders wat ver van hul families af woon, of die lidmate wat oor alles kla, ens. lief te hê.

Dien hierdie mense. Gee vir hulle kos, versorg hulle en nooi hulle in jou huis in. Maar die belangrikste, nooi hulle in julle harte in deur hulle lief te hê met die liefde van Christus Jesus. Bybelse gasvryheid is nie bloot 'n werk van ons hande nie, maar behels 'n werk in ons harte.

GROEPBESPREKING

Gebed

Geheuevers:

Wees gasvry teenoor mekaar sonder om te kla.

1 Petrus 4:9

Terugblik:

Deel met die groep hoe Vader in hierdie week in jou lewe gewerk het.

Skriflesing:

1 Petrus 4:7-9, Romeine 12:13 and Hebreërs 13:2

BESPREKINGSVRAE

Lees 1 Petrus 4:7-11. Watter waarskuwing gee Petrus in vers 7(a)? Hoe kon die einde amper 2000 jaar gelede “naby” gewees het? Hoe naby is dit nou? Watter verwikkelinge in die wêreld kan daarop dui dat die eindtyd naby is?

Hoe kan jy in jou huidige situasie gasvryheid aan ander bewys? Bespreek in die groep.

Lees Romeine 12:13. Wat is die twee opdragte wat in hierdie vers gegee word? Hoe verskil hulle of waarom is hulle dieselfde? Bespreek.

Lees Hebreërs 13:1-2. Sien jy ware gasvryheid in jou kerk? Is dit 'n weerspieëling van God se liefde? Is daar iets wat moet verander? Bespreek.

Wat is die praktiese implikasies van die beoefening van gasvryheid? Is jy bereid om dit te doen? Bespreek.

Sluit af met gebed



Week 8

Vergewe Mekaar!

Geheuevers:

Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe.

Kolossense 3:13

PERSOONLIKE STUDIE

Kolossense 3:12-15, Matteus 5:23-24 and Matteus 18:21-35

INLEIDENDE OPMERKINGS:

Matthew West begin sy lied, Forgiveness, met die volgende woorde:

*It's the hardest thing to give away
And the last thing on your mind today
It always goes to those that don't deserve
It's the opposite of how you feel
When the pain they caused is just too real
It takes everything you have just to say the word...
Forgiveness...*

En met hierdie woorde som hy een van die moeilikste opdragte om uit te over, op. Vergifnis is gebaseer op 'n mens se genadige houding teenoor 'n individu en word die beste geïllustreer deur God se vergifnis van sonde.

Die Bybel het baie verse oor vergifnis. Een van die bekendste is Efesiërs 4:32 wat sê: “*Wees goedgesind en*

hartlik teenoor mekaar, en vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe het.”

Vergifnis is 'n keuse wat ons maak. Dit is 'n besluit van ons wil, gemotiveer deur gehoorsaamheid aan God en Sy opdrag om te vergewe. Ons kan nie 'n ander dwing om 'n gees van vergifnis te hê nie, maar ons kan dit demonstreer deur hoe ons reageer.

STUDIEVRAE:

Lees Kolossense 3:12-15. Vind jy dit soms moeilik om ander te vergewe? Hoekom?

.....
.....

Wat is die redes wat hier aangevoer word waarom ons beveel word om mekaar te vergewe? (Verwys na verse 12,13)

.....
.....

Waarom word daar na liefde verwys as die volmaakte band van eenheid?

.....
.....

Lees Matteus 5:23-24. Watter beginsel leer ons uit verse 23-24? Wat sê hierdie gedeelte vir ons oor die belangrikheid van verhoudings en eenheid?

.....
.....
.....

Hoe benadeel onenigheid/gebroke verhoudings/woede ons verhouding met en aanbidding van God? Hoe kan jy hierdie beginsel toepas?

.....
.....

Lees Matteus 18:21-22. Sou 'n Jood in die tyd van Petrus gedink het 7 keer is baie of min kere om iemand te vergewe? Beteken Jesus se antwoord dat jy tot sewe-en-sewentig (of 490) keer moet tel? Wat beteken Sy antwoord?

.....
.....

Lees Matteus 18:23-35. Neem 'n paar minute en skryf die hoofpunt van die gelykenis in jou eie woorde neer.

.....
.....
.....

In hierdie gelykenis:

Wie is die koning?	
Wie is die amptenare?	
Wat word die deur skuld uitgebeeld?	

Watter karakter toon die koning wanneer hy die skuld kwyskeld? Watter karakter toon die dienaar as hy nie vergewe nie?

.....
.....

Watter gevolgtrekking kan ons maak uit hierdie gelykenis se einde? Hoe belangrik is vergifnis?

.....
.....

Hoe kan 'n gebrek aan vergifnis in ons lewens manifesteer? Hoe mag ons dalk teenoor iemand optree as ons hulle nie vergewe nie?

.....
.....

Beteken vergifnis om te vergeet?

.....
.....

Beteken om te vergewe dat jy dit nie weer sal opbring nie?

.....
.....

Beteken vergifnis dat die wond heeltemal genees is? Is daar iemand wat jy moet vergewe?

.....
.....

SLOTOPMERKINGS:

Jesus is baie onregverdig behandel. Niemand kon meer onregverdig gely het as Jesus nie. En van die laaste woorde wat Hy gesê het, was: “*Vader, vergewe hulle want hulle weet nie wat hulle doen nie.*” Is dit maklik om te vergewe? Nee. Is dit onmoontlik? Nee. Jesus het gesê: “*Vir die een wat glo, kan alles,*” (Markus 9:23.) Alles – met ander woorde ook vergifnis. Die Bybel sê baie duidelik vir ons dat ons moet vergewe. En daar is geen uitsonderings nie. Soos in alle dinge, moet ons na ons Meester, Jesus, as ons voorbeeld kyk.

Die feit dat jy iemand vergewe, neem nie weg wat hulle gedoen het nie, en dit maak dit nie reg nie. Dit is egter belangrik om te weet dat vergifnis nie 'n gevoel is nie, dit is 'n keuse. Jy kies om afstand te doen van die blaam teenoor die oortreder.

Die keuse om te vergewe sal beteken dat jy tot God moet bid vir die krag om te vergewe. Dit is om te kies om nie gedagtes van haat in jou hart te laat heers nie. Dit is om na God te gaan om hulp en vertroosting te kry in plaas daarvan om te dink aan die verkeerde dinge wat mense aan jou gedoen het, selfs wanneer jou gevoelens dit sou wou doen. Die krag wat ons hiervoor nodig het, kry ons van die Heilige Gees.

Lewis B. Smedes skryf in sy boek, *Forgive and Forget: "When you release the wrongdoer from the wrong, you cut a malignant tumour out of your inner life. You set a prisoner free, but you discover that the real prisoner was yourself."*

Ons sal weet die werk van vergifnis is voltooi wanneer ons die vryheid ervaar wat as gevolg daarvan kom. Ons is diegene wat die meeste ly as ons kies om nie te vergewe nie. Wanneer ons wel vergewe, maak die Here ons harte vry van die woede, bitterheid, gegriefdheid en seer wat ons voorheen gevange gehou het.

GROEPBESPREKING

Gebed

Geheuevers:

Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe.

Kolossense 3:13

Terugblik:

Deel met die groep hoe Vader in hierdie week in jou lewe gewerk het.

Skriflesing:

Kolossense 3:13-15, Matteus 5:23-24 en Matteus 18:21-35

BESPREKINGSVRAE

Lees Kolossense 3:12-15. Wat is die redes wat hier aangevoer word waarom ons beveel word om mekaar hier te vergewe?

Vind jy dit ooit moeilik om ander te vergewe? Hoekom? Bespreek.

Waarom word na liefde verwys as die volmaakte band van eenheid? Bespreek.

Lees Matteus 5:23-24. Watter beginsel leer ons uit verse 23-24? Wat sê hierdie gedeelte vir ons oor die belangrikheid van verhoudings, vergifnis en eenheid?

Lees Matteus 18: 25-35. Watter gevolgtrekking kan ons maak uit hierdie gelykenis se einde? Hoe belangrik is vergifnis?

Hoe kan 'n gebrek aan vergifnis in ons lewens manifesteer? Hoe sal ons teenoor iemand optree as ons hulle nie vergewe nie? Bespreek.

Sluit af met gebed



Week 9

Bid vir mekaar!

Geheuevers:

Bely julle sondes eerlik teenoor mekaar en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking.

Jakobus 5:16

PERSOONLIKE STUDIE

Romeine 1:8-10, Efesiërs 1:15-16, Efesiërs 6:18-19, en Jakobus 5:16

INLEIDENDE OPMERKINGS:

Gebed is nie 'n geheimsinnige praktyk wat slegs beskikbaar is vir leraars en godsdienstiges nie. Gebed is bloot om met God te kommunikeer — om na Hom te luister en met Hom te praat. Gelowiges kan uit die hart bid, vrylik, spontaan en in hul eie woorde. Almal kan en moet bid.

In sy studiegids oor Jakobus, skryf Tom Wright die volgende oor gebed: *“Prayer is the place where heaven and earth overlaps, where our present time and God’s future time overlap. Prayer isn’t just me calling out in the dark to a distant or unknown God.... Because God is very near to those who draw near to Him. Heaven and earth meet when, in the Spirit, someone calls on the name of the Lord.”*

In 1 Tessalonisense 5:17-18, moedig Paulus die gelowiges aan: *“Bid gedurig”*. Hierdie aanmoediging om sonder ophou te bid, verwys nie net na om vir jouself te bid

nie – maar om heelyd oor alles te bid. Daarom ook vir jou medegelowiges. Wanneer ons vir ander bid, vra ons in wese God om hulle te seën en hulle te help. Ons kan bid vir enigiemand wat ons ken – ons vriende, familielede, medewerkers, of selfs vir vreemdelinge.

STUDIEVRAE:

Lees Romeine 1:8-10. Hoe sou jy Paulus se houding teenoor die Romeinse gelowiges beskryf? Hoe word sy liefde vir hulle getoon?

.....
.....
.....
.....

Lees Efesiërs 1:15-16. Let op die gesindheid van dankbaarheid wat Paulus in verse 15-16 toon. Tot wie is hy dankbaar? Waarom was Paulus God dankbaar vir hulle goeie daade?

.....
.....
.....
.....

Lees Efesiërs 6:18. Wanneer moet ons bid? Wat beteken dit om deur die Gees te bid?

.....
.....

Wat leer ons uit die waarskuwing om waaksaam te wees?

.....
.....

Vir wie moet ons bid?

.....
.....

Lees Efesiërs 6: 18. Wat was Paulus se gebedsversoek? Was dit 'n fisiese behoefte?

.....
.....
.....

Fokus jou gebede meestal op die fisiese behoeftes of die geestelike behoeftes? Hoekom?

.....
.....

Lees Jakobus 5:16. Waarom moet ons ons sondes aan mekaar bely? Is God nie die een wat vergewe nie? Is dit nie genoeg om direk aan God te bely nie?

.....
.....
.....

Hoe moet ons vers 16 verstaan, verander ons gebede dinge? Wat is die gevaar vir ons gebedslewe as ons glo dat ons gebede eintlik niks bereik nie?

.....
.....
.....

Noem 'n paar redes om te bid, selfs al verander God nie Sy plan op grond van jou gebed nie?

.....
.....
.....

SLOTOPMERKINGS:

Jakobus wys op die effektiewe aard van gebed – wanneer dit vurig is en deur 'n regverdige persoon gebid word. Effektiewe gebed moet vurig wees, nie omdat ons 'n onwillige God emosioneel moet oorreed nie, maar omdat ons God se hart moet ken en die dinge wat vir Hom belangrik is ook vir ons belangrik moet wees. Daarbenewens word effektiewe gebed deur 'n regverdige persoon gebid. Dit is iemand wat erken dat die gronde van sy geregtigheid in Jesus gesetel is, en wie se persoonlike lewenswandel ooreenstem met die geregtigheid wat hy in Jesus het.

Wanneer ons vir ander bid, vra ons God om namens hulle in te gryp. Ons bring hulle behoeftes voor die troon van genade en vra Sy hulp.

Om vir ander te bid is nie net 'n onbaatsugtige daad nie, maar dit is ook een wat 'n diepgaande impak op ons eie lewens kan hê. Terwyl ons vir die behoeftes van ander bid, maak ons ons harte oop vir God se liefde en deernis.

Ons word meer bewus van die behoeftes van diegene rondom ons, en ons is beter in staat om op 'n dieper vlak met hulle te skakel.

Wanneer ons vir ander bid, laat dit ons ook die vreugde ervaar wat voortspruit wanneer ons sien dat iemand anders God se seëninge ontvang. Ons stel ons vertrouwe in God om in hulle lewens te werk. Ons maak ook onself oop om seëninge van Hom te ontvang.

Om vir ander te bid, help ons om in ons geloof te groei, om 'n nouer verhouding met God te ontwikkel en om meer deernisvolle dienaars te word.

GROEPBESPREKING

Gebed

Geheuevers:

Bely julle sondes eerlik teenoor mekaar en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking.

Jakobus 5:16

Terugblik:

Deel met die groep hoe Vader in hierdie week in jou lewe gewerk het.

Skriflesing:

Efesiërs 6:18-19 en Jakobus 5:16

Besprekingsvrae

Lees Efesiërs 6:18. Wanneer moet ons bid? Wat beteken dit om deur die Gees te bid? Wat leer ons uit die waarskuwing om waaksaam te wees?

Vir wie moet ons bid? Hoe dikwels bid jy vir ander? Bespreek in die groep.

Lees Jakobus 5:16. Waarom moet ons ons sondes aan mekaar bely? Is God nie die een wat vergewe nie? Is dit nie genoeg om direk aan God te bely nie? Bespreek.

Hoe moet ons vers 16 verstaan, verander ons gebede dinge? Wat is die gevaar vir ons gebedslewe as ons glo dat ons gebede eintlik niks bereik nie?

Wat is 'n paar redes om te bid, selfs al verander God nie
Sy plan op grond van jou gebed nie?

Gebruik ruim tyd om vir die medegelowiges in die
gemeente te bid.

Sluit af met gebed

BRONNE

Pawson, David. Unlocking the Bible, HarperCollins Publishers, London, 2015

Smedes, Lewis B. Forgive and Forget. Harper Publishers, San Fransisco, 1996

Wright, Tom. For Everyone Bible study Guides: James, Intervarsity Press, London, 2012

<https://www.kruispad.net/julle-moet-mekaar>

<https://www.whatchristianswanttoknow.com>

<https://studyandobey.com/inductive-bible-study>

<https://www.gotquestions.org>

www.blueletterbible.org

<https://www.heuning.co.za>

<https://www.biblestudytools.com>

<https://www.biblegateway.com>

<https://www.focusonthefamily.com>

Scripture Direct Application

SEVERAL RESOURCES FROM LOGOS